

6 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 15:21-39

Uitroep om hulp na Jesus Christus en sy groot genade

Jesus het na die verlore skape van Israel gekom (Matt 10:5-8). Nou gaan Hy egter na Tirus en Sidon. Dit is heidense wêreld en hulle is deur die Jode honde genoem. Jesus gaan om ook daar te wys dat Hy vir alle mense gekom het (Ef 2:11).

'n Kanaänietiese vrou kom na Hom toe omdat haar dogter in die mag van 'n duiwel was. Sy is in uiterste nood. Sy hou nie op om Jesus al dringender te smee vir genade nie. Sy gaan teen alle teenstand in en bly haar hoop op Jesus vestig. Eers vra sy: "Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid!" Hiermee erken sy dat Hy die Messias is.

Sy verkeer in groot gevaar. 'n Vrou het nie somer met 'n vreemde man gepraat nie. 'n Heidense vrou het veral nie met 'n Jood gepraat nie. Sy gebruik die Joodse geloof en noem Hom Seun van Dawid. Sy hou aan om Hom aan te spreek afgesien daarvan dat die dissipels Jesus vra om haar weg te stuur. Jesus se antwoord in vers 24 kon haar ook afgesit het.

Maar nou gaan kniel sy voor Jesus en vra: "Here, help my!" Met woord en daad bewys sy dat sy 'n sondaar is wat totaal afhanklik van Jesus se genade is.

Jesus antwoord haar dat dit nie mooi is om die kinders se kos te vat en dit vir die honde te gee nie. Die kinders dui op Israel. Sy antwoord dat die heidene wel nie aan tafel met die Jode sit en eet nie. Sy is egter soos hondjies tevrede met selfs die minste van Jesus se genade. Dit was só 'n groot geloofsbelydenis dat Jesus onmiddellik haar dogter gesond gemaak het. So lees ons in Ef 2:11 en verder hoedat daar na Jesus se versoening aan die kruis nie meer onderskeid tussen gelowiges is nie. God se kinders kom uit alle volke, tale en nasies. Wat 'n wonderlike evangelie is dit nie wat ons aan almal om ons moet verkondig.

Sing: Skrifberyming 14:1,2

Ds GS Kruger (Centurion)